STANDVASTIG EN GETROU

LAERSKOOL CONSTANTIAPARK

# NUUSBRIEF

Nuusbrief 1 van 2024



DIS **HÓÉ** ONS DIE **WÁT** DOEN

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

**VERBREDING VAN CP SE STEM**

Dit blyk duidelik dat 2024 die jaar is waarin ons op talle vlakke ons stem sal moet laat opklink. Nie net is hierdie die jaar waarin daar beheerliggaamsverkiesings nie, maar ook nasionale verkiesings plaasvind. Gooi ons die beplande BELA- en die NGV-wetgewing in die maalkolk van landsgebeure, veroorsaak hierdie bestanddele 'n hutspot van groot onsekerhede, uitdagings en angs wat potensieel tot hoë vlakke kan styg.

Te midde van al die interessanthede wat ons om ons landswyd gade slaan, ontstaan die vraag onwillekeurig waar dit ons skool plaas as deel van 'n gemeenskap binne 'n breër samelewing? Ons is van mening dat ons as waardegedrewe skool binne ons gemeenskap ons eie stembasis moet verbreed deur ons stemme te laat opklink oor dit waarin ons glo. Ons weet dat indien ons in ons kinders belê, 'n blink toekoms vir ons land beskore is waar lojale, fyn opgevoede en hardwerkende jongmense ons land se belange sal bevorder.

Ons wil graag sien dat ons skool te midde van 'n onstuimige samelewing, 'n rustige omgewing vir ons hele skoolgemeenskap kan skep, waar ons mekaar se belange kan koester en sodoende vir ons kinders 'n veilige hawe kan bied, waar liefde en omgee hoogty vier. Ons glo dat dit met rigtinggewende onderrig en leer moontlik sal wees om van ons skool 'n gunstige teelaarde te maak wat ons kinders in staat sal stel, om 'n beduidende impak op die omgewing waar hulle hulself moet laat geld, te maak.

Ons beskik reeds oor die geskikte bestanddele wat tot opvoedingsukses sal bydra: 'n ondersteunende en lojale ouerkorps, talentvolle kinders wat geborge opgevoed word en 'n span toegewyde onderwysers wat offervaardig en roepingsbewus met hul dagtaak omgaan.

Kwartaal 1 in 2024 by Laerskool Constantiapark het reeds as stewige basis gedien om die tafel vir groot dinge te dek om die res van die jaar te laat realiseer. Kom ons moedig mekaar aan om in harmonie helder Rooikat-stemme te laat opklink om eers binne en dan buite ons skoolgrense 'n verskil te maak.

Groete

Dr. Louis Dey
Hoof


# LAERSKOOL CONSTANTIAPARK SE E-VERKIESING OP ALMAL SE LIPPE

Laerskool Constantiapark het met die e-verkiesing van die Beheerliggaam pionierspore op die maan getrap! Hierdie e-verskiesing het plaasgevind onder leiding van ons Departementshoof van Inligtingstegnologie, me. Hermie Nell en ons IT-span.

**Kyk die lekker statisitek:**
- Binne 9 minute het 15 % van ons ouers reeds gestem en het ons ver meer as ons kworum bereik.
- 46% van ons ouers het gestem.
- 891 ouers het binne 'n uur gestem.
- Die verkiesing het om 07:00 gesluit.
- Die uitslag was 07:15 bekend. By sommige skole het die tel van stemme 1uur en 40 minute geduur voor hulle die uitslag kon bekend maak.
- Om 07:16 is die uitslag op ons WA-klasgroepe versprei.
- Om 07:30 is die bekendstellingsvideo op Facebook gelaai.
- Slegs 6 skole in Tshwane Suid het van die e-verkiesing gebruik gemaak.

**Dr. Jaco Deacon, uitvoerende hoof van FEDSAS, se reaksie op CP se e-verkiesing:**
Ons hoor nou net hoe vining jou skool 'n kworum bereik het en dat daar 'n goeie stempersentasie by jou was. Welgedaan - dit gebeur net by skole waar daar lekker wakker en opgewonde leierskap is. Ons sal jou moet vra om bietjie die boodskap te deel met die res van die land.

**Mnr. Fanus Nel van die Departement van Onderwys wat ons verkiesing kom monitor het:**


13/2024 SGB voting monitoring - Exceptionally effective, professional conduct of all Staff involved. A new benchmark has been set for voting procedures. 084 625 9740

**BAIE GELUK AAN ONS NUWE BEHEERLIGGAAM**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Mnr. Evan Matthee |
| Ondervoorsitter: | Me. Karin van Eck |
| Tesourier: | Mnr. Franswa Malan |
| Sekretaris: | Mnr. Dirk Fourie |
| Ex Officio: | Dr. Louis Dey |

**Ouerlede:**
Me. Charlé Bester: Projekte en Naskool
Mnr. Oostwald Eksteen: Infrastruktuur
Mnr. Owen Kriek: Buitemuurse Aktiwiteite en Kontrakte.
Mnr. Franswa Malan: FK-Voorsitter en finansies.
Me. Karin van Eck: Ouerskakeling en Regsaangeleenthede.

**Opvoerderlede:**
Me. Annieka Moolman (Adjunkhoof: Akademie/ Bemarking en Kommunikasie)
Me. Annedien Smit (Personeelaangeleenthede)
Mnr. Francois van Staden ( Adjunkhoof: Buitemuurse Aktiwiteite en Dissipline)

**Nie-Opvoederlid:** Mnr. Dirk Fourie

**Gekoöpteer:** Me. Hermie Nell (Inligtingstegnologie)














## VIR DIE KWARTAAL 2-DAGBOEK

| | |
|---|---|
| 5 April | Graad 7's ontvang besoek van al ons hoërskole. |
| 19 April | CP-GHOLFDAG |
| 26-27 April | Kore-Karnaval |
| 30 April | Handboekkontrole (gr. 4-7) |
| 7 Mei | Gekontroleerde Toetse (Mini-eksamen, gr. 4-7 begin). |
| 18 Mei | Kuierdag/Opedag vir Graad RR-1 van 2025 |
| 31 Mei | KASKAR |



## KUIERDAG IS OPEDAG OP 18 MEI 2024




## Saalopening in die Rooikat-Arena






# Facebook hoogtepunte



# REDAKSIE

Redaktrise: Me. Annieka Moolman
Ontwerpe: Me. Lucelle Gilbert
Proeflesers: Dr. Dey en me. Ilse Biggs
Fotograwe: Personeel
Inligting: Organiseerders
Bladuitleg: Pink Petals Design Studio

## So stukkie Rooikat-Hartklop

"Hallo, Tjommie!"

Alleen is 'n lelike woord. Alleen beeld 'n onvriendelike wêreld uit waar elkeen op sy eie moet oorleef, buite die kring.

Nuwe CP-personeel haal juffrou Annedien so dikwels aan. Juf Charné wat verlede jaar by ons aangesluit het as graad 4 Afrikaans-Juffrou, vertel hoe juffrou Annedien vir haar kwaai-oog gesê het: "As dit pouse is, moet jy uit jou klas uit personeelkamer toe kom anders gaan jy alleen bly. Jy moet ons leer ken en maatjies maak." Juffrou Hanri (Graad 7-Wiskunde) laat val die week dat sy in pouses stoei met uitgebreide assesserings, maar dat juffrou Annedien haar opgesoek het en kwaai-oog gesê het sy moet personeelkamer toe kom, sy gaan nie meer maatjies hê nie. Sy kom inloer." So sorg 'n ervare juffrou ook vir ons personeel, want die pas is vinnig en wegraak maklik. Alleen is nie vir grootmense gemaak nie.

So paar jaar gelede toe ek by die hoërskool Adjunkhoof: Bemarking was, het ek na 'n laerskool toe gery om Opedag-inligting af te laai. So met die aankom, sien ek al dis pouse. Toe ek die draai neem na die hoofingang toe, sien ek die gemaal van hollende, spelende, laggende kinders so oor die velde heen. My oog val op 'n alleenfiguurtjie onder 'n boom in die verste hoek van die spelery af, maar die naaste hoek aan my. My hart ruk. Alleen is nog minder vir kinders gemaak want alleen maak seer, knyp en kneus.

Alleen kan soms in die groter Rooikat-prentjie so amper per ongeluk gebeur ook. So is dit die verjaardag van die skool, ouers en Rooikatte pak oral piekniekmandjies uit op die terrein en kuier gesellig in kleiner of groter kringe saam. Toe die groepfoto geneem is en die Rooikatte pawiljoen toe, sien ek uit die hoek van my oog 'n pappa en kleiner Rooikat op die pawiljoen se trappie sit. Ons Rooikatjie se kossies is op die skoot en hy sit styf teen sy pappa. Ouers beweeg velde toe as toeskouers of werk toe, toe die rooi golf die pawiljoen tref.

Toe mnr. Francois na die gejubel die pawiljoen verdaag, sien ek die ou klein maatjie het jou wrintiewaar met die kossies op die skoot, net daar tussen die groot kinders bly sit. Ek gaan haal hom. Hy is graad 1. Ek nooi uit, kom ons gaan soek jou Juffrou. Hy sê ferm: "Hulle het nog nie gesê die Graad 1's mag gaan nie." Inderdaad so. Ek maak 'n ander plan. "Kom ek neem jou dan net tot by Juffrou en jou klas." Huiwerig staan hy op, maar ek en hy begin deur die gewoel van kinders wat verdaag dwing. Sy handjies hou sy kossies styf vas, so ek kan net die kragie van sy sweetpakbaadjie gebruik om hom te stuur deur die gemaal. Die hele lyfie is sommer so styf, maar ons loop treetjie vir treetjie saam. Vir klein lyfies in so wilde gemaal, is dit intimiderend en soos ons beweeg voel ek hoe die spanning in die lyfie bly soos ek voortstu en hy waaksaam probeer volg.

Skielik, uit die bloute, draf twee groter seuns op ons af. Die een sien my en hom en my hand op die kraag en hy roep onverwags, maar besonder vrolik en uitnodigend: "Hallo, Tjommie!" en gee 'n breër as breë glimlag en hol verby. Wat 'n onverwagse stukkie Rooikat-wonder. Ons Graad 1-Rooikatjie se gesiggie ontspan, 'n glimlag breek deur en die hele lyfie ontspan saam. Hy loer op met die glimlag en daar trek ons skielik flinker weg ... skielik vol selfvertroue en baie opgewonde storm hy op sy juffrou af na die grootse avontuur tussen die groot kinders. "Hallo, Tjommie" se kragtige uitwerking op my én ons Rooikatjie sal my altyd bybly. "Hallo Tjommie" het spontaan en sonder voorbedagte rade die alleen uitgedaag en nekomgedraai, want hier is ons tjommies... Rooikat-Tjommies.

Lank van nou af, gaan ons Rooikatjie altyd onthou, dat al is die wêreld om hom vreeslik groot, dat daar het 'n onbekende Rooikat-maat by hom verbygehol en hulle was Tjommies.

Me. Annieka Moolman

## Ons nuwe Departementshoof vir Graad RR tot 1



Juf. Ilse Oosthuizen is amptelik vanaf Februarie deur die Departement van Onderwys as Departementshoof aangestel.

Ons is baie opgewonde oor Juf. Ilse se nuwe aanstelling, want in die 7 maande wat sy waargeneem het as Departementshoof (in Juf. Marlene du Plessis wat afgetree het se pos) het sy reeds onuitwisbare spore getrap! Sy spog met 'n honneursgraad in Leerlingondersteuning asook een in Onderwysreg en was ook self in Laerskool Constantiapark op laerskool. Hierdie RooiSkat is een wat legendariese spore op die maan gaan trap! Welkom in die bestuur van Laerskool Constantiapark, juf. Ilse Oosthuizen!

## Ons groet





**Ons groet twee kosbare Rooikat-personeel**: Mnr. Neill Scheepers verruil die onderwys vir die privaatsektor en me. Cailynne Starke en haar gesin verhuis Dubai toe. Baie dankie vir saakmakende grense wat elkeen van u vir ons Rooikatte help skuif het.

Me. Monique Marais neem by me. Starke oor as Graadhoof vir Graad 1.

## Ons groet



**Ons groet mnr. Johann Meintjes na 42 jaar.**

Ons mnr. Johann Meintjes tree die week na 42 jaar en 3 maande by Laerskool Constantiapark en in die onderwys af. Mnr. Meintjes was 'n SA-gimnas wat seergekry het en toe gevoel in sy bene verloor het. Mnr. Senekal, destyds hoof van Laerskool Constantiapark, het mnr. Meintjes in die hospitaal gaan besoek. Mnr. Meintjes sou na sy diensplig by Laerskool Constantiapark as onderwyser begin het. Mnr. Senekal het mnr. Johann met sy rolstoel by die Rooikatte laat aansluit en 42 jaar later is hy steeds 'n trotse Rooikat. Mnr. Meintjes het FLO en Afrikaans gegee en toe uiteindelik E-leer vir die juniorfase in die Junior-Rekenaarsentrum. Hy is 'n bekende as afkondiger by atletiek en rugby-byeenkomste en sy fotografieklub ken nie sy gelyke nie. Mnr. Meintjes is self ook 'n bekende fotograaf by Loftus en is ook gevra om later vanjaar as fotograaf by die Olimpiese Spele te gaan foto's neem. Wat 'n voorreg om die diep wielspore oor die maan te sien lê wat ons mnr. Johann se rolstoel elke dag gery het het om ons skool te dien! Mnr. Meintjes se voogklas het jare gelede die inisiatief geneem om die mosïekwapen en naam by die hek aan die saal se kant te skep. Dankie, mnr. Meintjes dat ons die voorreg kon hê om vir 42 jaar te sien hoe jy die lewe














*Mnr. Meintjes bederf ons met 'n laaste paar mooiste foto's*

# DRICUS, DIE WÊRELDKAMPIOEN, MOTIVEER ONS ROOIKATTE!



# Nou weet ons wat hy weet!



# Dr. Dey verwelkom die nuwe Rooikatte!



# Ons 2024 se wegtrek maan toe.



# Valentynsdag



# Valentynsdag



# FANTASIE MAAK POUSE SOVEEL LEKKERDER!

Kyk dan net hoe vang ons vis in pouse! Dit herinner aan  Brooke Hampton se woorde: “Children still need a childhood with dirt, mud, puddles, trees, sticks and tadpoles.”



# Ons omgeeweek se BINGO-BAIE!




Baie dankie aan elke Rooikat-gesin wat ons skool se spens en Laerskool Generaal Nicolaas Smit se spens in oorvloed geseën het met bydraes uit ons eie huise of beursies. Saam is ons sterker en sorg ons vir mekaar!

# Oud-CP’s skitter!








# Dis so lekker om met vingertjies te doen!



# Boekverkope



# ONS ROOISKAT-MAMMA-DAMESOGGEND



# Ons skitter in die BEELD: Rooikatte balanseer op die X-faktor!



## Laerskool Constantiapark



'n Elektroniese oprol-en-uitrol-klavier skep 'n wonderwêreld vir leer en ontdek.

# Rooikatte balanseer netjies op die X-faktor

Dis hóé die Laerskool Constantiapark die wát doen wat die Rooikatte reeds vir meer as vier dekades 'n pionierspad van uitnodigende onderwys laat stap.

In Rooikatland is elke onderwyser se hartklop en trots die enjin wat entoesiasme kweek en koester.

Hier voel elke kind welkom en kom leergierig skool toe om leeravonture met groot waagmoed en selfvertroue aan te pak.

Die Rooikatte van die Laerskool Constantiapark huppel skool toe en die borrelende energie van elke RooiKat en RooiSkat, van graad RR tot graad 7, is aanvoelbaar op die terrein.

Dr. Louis Dey, hoof van die RooiKatte en RooiSkatte van die Laerskool Constantiapark, verklaar sonder huiwering: "Hier probeer ons elke dag die régte dinge rég doen!"

Besoekers word betower deur die Laerskool Constantiapark se leerlinge wat hulle vrolik en met breë glimlagte groet, terwyl een en elkeen met 'n eie ritme vibreer en so sy plek iewers op die terrein vol aksie vind. Hier voel iedereen gekoester en geliefd.

Die geheim agter die vrolike vonkeloë?

Francois van Staden, adjunkhoof, antwoord met ewe vonkelende oë: "Legio geleenthede om met entoesiasme te kan verken, met verwondering te ontdek en sonder huiwering te waag sodat elke Rooikat uiteindelik gemaklik sy eie wonderwêreld begin bou."

Die skool se fokus is om elke jaar 'n nuwe geleentheid vir ontwikkeling vir sy leerlinge te skep. Die majestueuse Rooikatarena het einde verlede jaar sy deure oopgegooi. Hierdie arena is 'n multidoel-stand-van-tegniek-sportsentrum met 'n besonderse Belgotex-vloer uit Swede, waarin klein Rooikatte hul groot motoriese vaardighede aanleer en ontwikkel en elke ander Rooikat sy talente hier in verskillende sportsoorte se spanne slyp.

Die Laerskool Constantiapark volg die voorgeskrewe kurrikulum, maar verruim leerlinge se wêreld met verrykingsgeleenthede wat in die skoolrooster geakkommodeer word. Die graad R- tot graad 3-leerlinge leer onder meer skaak speel en Zoeloe praat. Alle Rooikatte ontwikkel met kuns en musiek analitiese en laterale denke wat ook hul wiskunde-denke verryk, vorm en ondersteun. Die skool se vier moderne rekenaarsentrums word die plek waar rekenaarvaardigheid, kodering, wiskunde-verryking en leesprogramme aanvullend tot elke dag se voorgeskrewe kurrikulum inwerk. Die skool het ook kleinklas-wiskunde-onderrig (met 15 leerlinge in 'n klas) met 'n Rooikat-wiskundesentrum vir graad R- tot graad 7-leerlinge wat in die middae saam met die sentrum van die kunste ekstra ontwikkelingsgeleenthede aan leerlinge bied.


Die Rooikat-omgeesentrum ondersteun die hartklop van die skool en is met sy multidissiplinêre span, wat bestaan uit 'n sielkundige, maatskaplike werker, spraak-, arbeids- en spelterapeut, die veilige vangnet vir daar waar uitdagings 'n kundige se toetrede vereis. Elke klas het internettoegang, dataprojektors en visualiseerders wat klasse in 'n onderrig-en-leer-wonderwêreld omskep. Met uitgesoekte en toegewyde onderwysers word 'n balans tussen tegnologie in die klaskamer en kinestetiese leer gevind en so word leer met elke sintuig en liggaamsdeel beleef en geleer, maar ook die kuberruim verken sodat geen veld 'n nuwe en vreemde ervaring in die toekoms kan word nie.

Die Laerskool Constantiapark beskik ook oor 'n eie graad R-sentrum met kamma-kamma skooldrag vir graad RR- en graad R-Rooikatjies met 'n graad R-naskool. Hier is spéél elke Rooikatjie se wérk.

Universiteitsopgeleide en kreatiewe personeel maak koppies, vingertjies en voetjies speelspeel sterk.

Uitnemende onderrig saam met 16 sportsoorte, vier kore, redenaars, revue, drama, spreekkore en heerlike kreatiewe pretdae sorg vir 'n leefwêreld waarmee Rooikatte droom en doen en bly só spore trap op die maan.

Staan saam, doen saam, dink saam, ontdek saam, waag saam en… wen saam!




Kodering word van graad R tot 7 'n leeravontuur.



Verskeie verrykingsgeleenthede word hier geskep.

# Die belangrikheid van lopende skrif!

Die Departement van Onderwys se vereistes is dat lopende skrif in graad 2 begin word en dan voluit aangeleer word in graad 3. Lopende skrif word dan gebruik tot in graad 6. In graad 7 kan leerlinge self besluit of hulle los of vas skryf. Al hoe meer kinders begin sukkel met lopende skrif omdat die fynmotoriese bewegings hulle knel. Baie van die fynmotoriese uitdagings word toegeskryf aan die hoeveelheid skermtyd wat kinders toegelaat word. Ons het me. Serna Smit, bekende arbeidsterapeut, in ons omgewing, gevra om te gesels oor die doel van lopende skrif.




Lopende skrif het verskeie kognitiewe, fisiese, sosiale en praktiese voordele. Hier is die Top 8 redes:

1. **Lopende skrif bevorder neurale konneksies:**
Lopende skrif verbeter dinamiese interaksie tussen die linker- en regterbrein-hemisfeer, dit help bou aan neurale bande en bevorder verstandelike effektiwiteit.

2. **Ontwikkel fynmotoriese vaardighede in jong kinders:**
Dit beteken, 'n kind moet baie spesifiek fokus op sy/haar potloodgreep, wanneer hul lopende skrif, letters vorm. Hierdie oefening verbeter ook hul vermoë om skoenveters, knope ens. vas te maak. Kinders wat sukkel met lopende skrif kan meestal ook nie hul skoenveters ens. vasmaak nie.

3. **Lopende skrif is BAIE BELANGRIK vir kinders wat dalk aan disleksie lei:**
Lopende letters en drukskrif letters lyk nie dieselfde nie. Die letters "b" en "d" kan 'n disleksiese kind baie verwar, maar die formasie van b en d in lopende skrif verskil, wat verwarring minder maak.

4. **Lopende skrif help kinders met ruimtelike oriëntasie:**
Dit beteken kinders is geneig om meer te leer wat die verskil is tussen "links, regs, op en af" as hul lopende skrif skryf. Letters in lopende skrif het 'n streng formasie om op 'n sekere punt te begin.

5. **My gunsteling: Lopende skrif bevorder KONSENTRASIE:**
Lopende skrif bevorder beslis konsentrasie, aangesien dit fyn detail bevat. Die kind wat lopende skrif skryf fokus baie meer, as die kind wat drukskrif skryf.

6. **Lopende skrif verhoog skryfspoed:**
Wanneer jy drukskrif skryf is daar baie stop, begin-en-pouse-aksies. Lopende skrif is letters wat aanmekaar vloei, hoe meer 'n kind lopende skrif skryf hoe vinniger gaan hy/sy skryf. Hierdie kontinuïteit en vloeiendheid in skrif, bevorder ook dat die kind meer kan skryf.

7. **Lopende skrif bevorder netheid, a.g.v die hoeveelheid detail wat dit vereis:**
Kinders is baie meer noukeurig wanneer hul lopende skrif skryf.

8. **Lopende skrif bevorder selfdissipline:**
Omdat lopende skrif kompleks is, ontwikkel dit soos genoem fynmotoriese vaardighede en oog-handkoördinasie om dan hierdie nuwe vaardigheid aan te leer, ontwikkel die kind selfdissipline – wat in alle areas van hul lewe gebruik kan word.

Onthou – lopende skrif is beslis nie 'n mors van tyd nie!

Serna Smit Arbeidsterapiepraktyk
012-997 3464



# NW-uitstappie tref die koerant

Klik op die skakel en lees die artikel wat in die Rekord verskyn het:
https://www.citizen.co.za/rekord/news-headlines/2024/02/09/moreleta-natuurarea-word-buiteluglaboratorium-vir-leerders/



## Op skrikkeldag doen ons alles in kleur!



## *Rooikatte lees sonder vrees!*



## Groot en klein ontdek 'n skelet se binne en buite





# Rooikat-Naskool kry 'n vrolike nuwe baadjie








# LAERSKOOL CONSTANTIAPARK IS 46!

Saam is ons sterker: Rooikatte, personeel en ouers!



# LAERSKOOL CONSTANTIAPARK IS 46!



# To-Two-Too-dag




# Kodering en oprolklaviere



# Rooikat-momente om te koester



Die mooiste oomblik van koestering. Miskien 'n eerste, maar saam is ons sterker!




Ek plak my maatjie se gebreekte liniaal dat hy weer kan werk!




'n Welkom-happie vir ons nuwe personeel.



Elke Graadhoof het 'n verrassinkie gekry om 2024 mee in te wy.



FLO in aksie van hier tot anderkant die maan!



Alla Aitsa! Mnr. Stof en Juf. Natalie het spandrag sonder dat hulle dit eers so beplan het!



Is daar 'n Rooikat in die wolke?



NW E-toetse maak my moeg! 'n Gryskat kan net soveel leer saam met die Rooikatte!



Hou ons Rooikat-atletiek dop!




Kyk die lekker briefie aan die einde van 'n vraestel! G'n wonder ons personeel gee nie om om te merk nie!



Juffrou Louisa warm op vir die vuurwarm onnieaflos!

Ons leiers maak ons trots!





Mnr. Renaldo dink sommer vroeg-vroeg buite die boks met sy voogklas en vou origami.

Dr. Dey in aksie tydens GGO-periode.



# Rooikat-momente om te koester



RooiKat-ore is gespits vir geleenthede!



Rooikat-tjommies is regger as reg op die eerste skooldag van 2024 vir wat kom!



Staan saam, wen saam, Rooikatte!



Ons RooiSkatte saam met Juf. Elani wat al ons Rooikatte ontwerp by Sportisimo. Juf. Elani ontwerp al ons Rooikatte al is sy nou in Johannesburg.



Die manne met die planne!



Saam is ons sterker! Tussen die redenaarsessies deur merk ons saam en help optel aan vreeslik baie punte!



Veni, vidi, vici
We came, we saw, we conquered!



Ons juffies maak die massalandloop klaar!



Nêrens kan daar mooier wees as ons personeel vol entoesiasme vir elke oomblik nie.



Geluk, mnr. en mev. Dorfling!



Geluk mnr. en mev. Bosscha!

# Super 12- Redenaars

Ons Super 12-redenaars het ons skool se naam hoog gehou en die woord met daadkrag laat seevier. Ons het skitterprestasies by die Super12-redenaarskompetisie behaal. Lilandi Bezuidenhout, Anika Nel, Aidan Bence en Nicolette van Tonder dring deur na die Super 12-finaal. Lilandi eindig algeheel 4de en Anika 6de. Twee redenaars wat onder die Top 10 in die Super 12-kompetisie eindig, wil gedoen wees!

Ons redenaars word ook debateerders en die Rooikatte neem vir die eerste keer deel aan die debat.

Hier kom groot dinge waar woorde en denke ontmoet! Hou die Rooikat-Raakpraters dop!











# Juf. Annelie se unieke aanslag

Ons het vanjaar 'n anderste koorkamp gehad; ons kamp steeds by die skool soos altyd, maar die aanslag is een van ons spaar kostes. Sy noem dit 'n "bedelaarskamp" waar alles wat nodig is uit die kampeerders se huise kom, maar jy gee wat jy kan... as jy beskuit gee vir koffie, gee jy soveel soos jy kan.

Daar is die mooiste gedagte op die bekende "Sit aan die ketel"-blad wat lui: "Die dag toe min genoeg raak, toe pas oorvloed in my palm in."

Juffrou Annelie het min gevra om dit vir almal moontlik te maak om deel te wees en te ontwikkel van die begin van die koorjaar af. Haar handpalm word toe oorvol met die bydraes, soveel so dat sy kan bêre vir 'n later geleentheid in die jaar ook. Baie dankie aan ouers wat ondersteun en inkoop en saamloop spens toe om te kyk hoe kan ons van min baie maak!

Die vrolikheid en feestelikheid van die koorfoto's spreek elkeen van 'n oorvloed van genot en vreugde! Dis lekkerder as lekker om kinders te sien wat hulleself verkneukel in 'n geleentheid en die lekker meer as genoeg is, sonder die klingel van te veel luuksheid. Ons koor klink reeds formidabel, maak seker dat daar iewers 'n kooruitvoering in die dagboek is vir 2024.



# Dis 'n Rooikat-ding!



## ATLETIEK-STERRE BY GISSA-KAMPIOENSKAP

Baie geluk aan ons Rooikat-atlete wat aan die Gauteng-Kampioenskap deelgeneem het: Dieter Kriek, Anina Odendaal, Ruben Meyer, Emma de Lange, Jean de Villiers en Liam Posthumus.

Drie van ons Rooikat-atlete dring deur na die SA-kampioenskap: Dieter, Anina en Lian! Ons is so trots op die mooiste Gauteng-kampioenskapuitslae van al ons atlete wat onder die TOP 10 geeïndig het:

Dieter Kriek: 1ste (1200m), Anina Odendaal: 1ste (SG), Liam Posthumus: 2de (SG), Ruben Meyer: 5de (70mH) en Emma de Lange: 6de (SG).

Elke nuwe geleentheid bring ontwikkeling en groei. Ons is so opgewonde oor ons atlete wat elke nuwe avontuur aangryp en daarmee woeker!

# ONTMOET ONS EERSTEPANNE VIR RUGBY EN NETBAL!






## HOU 'N OOG UIT VIR ONS EERSTESPAN BY DIE NOORD-SUID-TOERNOOI







## HENRICO IS 'N ROOIKAT-SONDER-REMME!

Hendrico Barwise skitter in die *Dirt and Trail Magazine* na afloop van die tweede rondte van die *Inland Championship* waarin hy die wenpaal eerste bereik het:

Hy neem ook einde Maart deel aan die nasionale kampioenskap in Port-Elizabeth waar hy tans onder die Top 10 in Suid-Afrika op die ranglys lê.





## RooiSkat is 'n ruiter van formaat!

Ons runnik van trots oor ons RooiSkat-ruiter, Danielle van Dyk (Gr. 6), se uitmuntende prestasies in die SANESA-skoleliga met 'n eerste en tweede plek in die skouspringitems.



# Die bulletjieseisoen begin by Bakenkop



# Bekkige Graad 1's



# Ons netbalseisoen trek op 'n propvol, vrolike noot weg!



# Bergfiets




# Tennis



# Ons swem en skitter in die A-liga!



## Ons eerste binnenshuise-Hokkietoernooi in die Rooikat-Arena



## Rooikatte roer op die skaakbord!

Ons Graad 1-skaakspelers (Janco Botha, Clana Jansen van Vuuren, Ahren Bam en Zandru le Roux)  het aan hulle eerste skaaktoernooi deelgeneem.  Janco eindig 6de en Ahren 7de algeheel. Twee graad 1-Rooikatte onder die Top 10 is 'n gawe wegspring vir 'n skoolloopbaan.

Ons meer ervare Rooikatte het ook geskitter! Renier Venter (gr. 2- en 3-afdeling), Josh Grobler en Jevan Swart (gr. 4- en 5-afdeling) eindig almal ook onder die Top 10!  Matthys Saaiman (seniorafdelng) eindig in 5de plek in sy afdeling en Alexia Jansen eindig 4de in haar afdeling en wen die Beste Dogter-toekenning!

Baie geluk aan ons skaakspelers! As jy by die Graad R-Sentrum van Laerskool Constantiapark begin met SPEEL IS JOU WERK, dan word jou WERK sommer flink kinderspeletjies!



# ATLETIEK-DRAAIE OP TARTAN EN GRAS



# Hoe lekker is saam kuier om die tartan nie





Ons Onnie-aflosspan is gemaak van sterstof!



Pawiljoene vibreer

# Die massa landloop onder die sproeier!



# Mnr. en Mej. CP 2024

## Baie geluk aan die wenners:



Mej. RooiSKAT : Miya Fourie
Mnr. RooiKAT : Adam Erwee

Mnr. CP 2024: Jean de Villiers
1ste Prins: Ian van Staden
2de Prins: Willem Brits

Mej CP 2024: Amike van Biljon
1ste Prinses: Anelé Nienaber
2de Prinses: Inge Hendriks

Mej. Junior CP: Kelsey Botes
1ste Prinses: Chané Lance
2de Prinses: Mia Stark

Mej. Mini CP: Kayleigh Bezuidenhout Roux
1ste Prinses: Amilie Coetzee
2de Prinses: Karlie Nel

Mej. Sterretjie: Shiloh-Jae Viljoen
1ste Prinses: Marné van den Berg
2de Prinses: Leah Theron

# *Leierskap is ontwikkeling*



# Wie is ek?



Ek is Melo
Ek is
Ek is Lily
Ek is Sean
Ek is Monique
Ek is Lebohang
Ek is Dimpho
Ek is Justin
Ek is Marné
Ek is Richter

# Graad R-Sentrum



# Speel is ons werk!






# MARKPLEIN








SALON Le CHIC




FJY JUST FOR YOU
THE GIFT COLLECTION




Fading Dreams
KEEPING CHILDRENS DREAMS ALIVE
Royal International Miss
Juané
Royal International Miss South Africa Rolemodel Pre-Teen




K & B
Kuif & Baard
Castlewalk Centre
Erasmuskloof
074 606 0009
fresha




Aqua Dynamics
AQUAROBIC'S HYDROTHERAPY
• PILATES BASED SMALL GROUPS
BIOKINETIC SERVICES: PILATES BASED REHABILITATION & HYDROTHERAPY
• SWIM SCHOOL MORELETAPARK
BIOKINETICIST
• Scientific rehabilitation programs:
• Individual & Pilates-based "body conditioning"classes
• Aquatic classes: ideal for the younger, the more senior but also any joint injury, acute or chronic condition, overweight, ante-and post-natal.
INDIVIDUAL PROGRAMS: HYDROTHERAPY / Pilates BASED REHAB
Neck & back problems (also spinal deformities e.g., scoliosis, kyphosis.), postural deviations, muscle imbalances, sport injuries, arthritis, orthopaedic rehabilitation, joint replacements, weight loss
(CLAIM BACK FROM MEDICAL AID)
SWIMMING
From 3 years to advanced, also adults BEGINNER & STROKES
HEATED INDOOR SWIMMING POOL
PLACE: Moreletapark
CONTACT: Mariq Swanepoel
TEL: (012) 997 0922
CELL: 082 787 7211
Registered Biokineticist
B.Sc. (Biokinetics)
(HOD / POSTURE / MUSCLE ASSESMENTS / HYDROTHERAPY / PILATES BASED REHABILITATION)
Practice Number: 7592116

ChaNic
DANCE
GYMNASTICS CLUB
School of Dance
CHANIC
★ACROBATICS
★HIP-HOP
★MODERN/ CONTEMP
★ACROBATS Age (2 - 5)
★TUMBLING
★ACRO GYMNASTICS
SENTRUM VIR DIE KUNSTE
VOUCHER 1X QUARTER FREE
Laerskool Constantiapark
074 329 0000
www.chanicschoolofdance.co.za




@680
RUBENSTEIN

ABUNDANCE

hair | nails | beauty

SKY MODELS SA

Pageant & Grooming Academy

Vermakerig

Beauty 4 U by Mikros

Mikros van Biljon
0835416207
mvbiljon@gmail.com




VA
Von Ami Couture

Jankie

KASI

Kids Academy for Systemic Inter-telligence

## KLEUTERSKOOL | PRESCHOOL


SENSORY STIMULATION


PERCEPTUAL SKILLS


FINE | GROSS MOTOR


COGNITIVE SKILLS


PRACTICAL SKILLS


CREATIVE PLAY

- Holistic Sensory Integrated Program
- Babies | Toddlers | Pre-Schoolers
- Full Day & FLEXI Day Packages
- Monday - Friday | 07h00 - 17h30
- Breakfast & Balanced Lunch Included
- Holiday Program (no extra cost)
- Activities Included: Junior Jives Music | Kiddies Yoga | Creative Arts & Gross Motor Sessions
- On Site: Speech Therapist | Occupational Therapist | Biokineticist | Physio Therapist & HPCSA Counsellor

admin@kasi.world | 072 292 2584 | 414 Lea Street, Waterkloof Glen, Pretoria

KASI Kids Academy for Systemic Inter-telligence  www.kasi.world  @KASI.WORLD